
November - Desember 2009

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 8, No. 6 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2009 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Die einde van die Amerikaanse lewenstyl

Die meeste Amerikaners het altyd aanvaar – selfs gedurende verskriklike oorloë of finansiële omwentelinge – dat dinge binne 'n paar jaar "beter sal gaan". Dit was dan ook tot dusver inderdaad die geval. Ons het altyd op een of ander manier "deurgedruk", en dit het ook so uitgewerk dat ons kinders en kleinkinders 'n beter leefwyse kon hê as wat ons gehad het – ten minste wat fisiese *dinge* en fisiese *gerief* aanbetref.

Bedagsame waarnemers begin egter besef dat hierdie situasie end se kant toe staan. Ek wil u almal, ons intekenaars, waarsku dat in die jare wat voorlê, Amerikaanse rykdom, mag en invloed – en die weelderige "Amerikaanse lewenstyl" – *nooit weer dieselfde gaan wees nie.*

Die geprofeteerde "tyd van benoudheid vir Jakob" (Jeremia 30:7), waaroor ons so dikwels geskryf het, is nou besig om oor ons te kom soos nog nooit tevore nie. Die mense wat van Amerikaanse en Britse afkoms is in die Verenigde State, Kanada, Brittanje, Australië, Nieu-Seeland en Suid Afrika, **ondervind nou** die beginstadium van 'n tyd van nasionale tugtiging van 'n liefdevolle God wat ons wil "wakker skud voor dit te laat is!" Ons weelderige, hard-drinkende, dwelm-gebruikende, ontugtige, owerspelige en perverse lewenstyle **– indien** daarmee onbepaald voortgegaan word **–** sal die liggame en verstande van ons kinders en kleinkinders *vernietig*.

Dit lyk dus asof God gesê het: "Genoeg!"

Ons het genoeg "vroegtydige waarskuwings" gehad **–** deur die skokkende gebeure van 11 September 2001, voortdurende terroriste-aanvalle, en die groeiende haat teen Amerika en Brittanje regoor die wêreld weens die oorlog teen Irak. Dit het alles 'n impak gehad, maar niks in vergelyking met wat ons nou ervaar nie. Die feitlike **ineenstorting** van die totale internasionale finansiële stelsel **–** met die *vernaamse blaam* hiervoor vierkantig geplaas op die Verenigde State – is bestem om ons vinnig na die finale scenario te bring wat ons Skepper duisende jare gelede voorspel het.

Lees net hierdie ontnugterende nuusberig: "Die regering van die Verenigde State is bereid om meer as $7.76 biljoen te voorsien, namens die Amerikaanse belastingbetaler, nadat dit $306 miljard van "*Citigroup Inc.*" se skuld gister gewaarborg het. Hierdie waarborge, waarvan die waarde die helfte bedra van alles wat in die nasie geproduseer is gedurende verlede jaar, is bedoel om die finansiële stelsel te red nadat die kredietmarkte 15 maande gelede vasgebrand het. Die ongehoorde waarborg van fondse sluit die $3.18 biljoen in wat alreeds deur finansiële instellings getap is in ***die grootste reaksie op 'n***

***ekonomiese noodgeval sedert die "New Deal" van die 1930's,*** volgens data wat deur Bloomberg ingesamel is. Die verbintenis verdwerg die plan wat deur die wetgewers goedgekeur is, die Departement van Finansies se $700 miljard '*Troubled Asset Relief Program*'. Die Federale Reserwe se uitlening verlede week was 1,900 *keer* meer as die weeklikse gemiddelde vir die drie jaar voor die krisis" (*Bloomberg News*, 24 November 2008).

*Negentienhonderd keer meer as die vorige weeklikse gemiddelde*! Hierdie werklik **massiewe** uitstorting van geld – hoofsaaklik "drukkersgeld" wat deur niks gerugsteun word nie – lê die grondslag vir *'n massiewe devaluasie* van die Amerikaanse dollar, net soos wat met die Duitse mark gebeur het gedurende die Weimar Republiek. Binnekort, binne 'n enkele paar jaar, mag die dollar as "speelgeld" deur ander nasies beskou word. Dit sal die lewenstandaard van alle Amerikaners *drasties verlaag*, en ingevoerde produkte se pryse sal die **hoogte in skiet**. God is besig om ons te **verootmoedig** en ons "trotse mag [te] verbreek" (Levitikus 26:19), soos nog nooit tevore nie!

Soos ons baie keer al verduidelik het, het die Ewige God aan ons voorvaders gesê: "Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Die einde van die Amerikaanse lewenstyl**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wie was die God van die Ou Testament?** 3
Baie Christene probeer vandag 'n onderskeid maak tussen die God van die Ou Testament en die persoon Jesus Christus. U Bybel toon tog dat Jesus Christus, wie van alle ewigheid af bestaan, die Persoon was wie met Abraham en Moses gepraat en die Tien Gebooie gegee het!

**Vyf Profetiese Tekens vir die Midde-Ooste** 8
Sal ons ooit vrede in die Midde-Ooste sien? Bybelse profesie openbaar dat gebeure in daardie streek die toekoms van die hele wêreld sal bepaal. Weet u waarvoor om op die uitkyk te wees?

**Rassisme in Amerika: Iets van die verlede?** 13
Verlede November is daar geskiedenis gemaak toe kiesers Barak Obama as die 44ste President van die Verenigde State gekies het.

**Diens of selfsug?** 18
Is regerings altyd korrup? Is individue altyd gulsig? Is daar 'n antwoord op die probleem van korrupsie?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen



**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303



Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.



© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou


Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wie was die God van die Ou Testament?

Deur Roderick C. Meredith

***Baie Christene probeer vandag 'n onderskeid maak tussen die God van die Ou Testament en die persoon Jesus Christus. U Bybel toon tog dat Jesus Christus, wie van alle ewigheid af bestaan, die Persoon was wie met Abraham en Moses gepraat en die Tien Gebooie gegee het!***

Die meeste godsdiensgeleerdes en kommentators ken die duidelike teksverse wat ons in hierdie artikel gaan bespreek, maar die meeste van hulle *vermy hierdie teksverse soos die pes*! Of aan die ander kant, maak hulle verbale "danspassies" om hulle – deur hulle kortliks aan te haal in tegniese kommentare – maar dan gaan hulle voort na "veiliger" onderwerpe sonder om hulle op die een of ander wyse meer volledig te bespreek.

HOEKOM?

Hoekom moet belydende Christenleiers bang wees vir die feit dat die Een wat Jesus Christus geword het, voortbestaan het saam met God die Vader sedert alle ewigheid? Dat Hy die God van die Ou Testament *was*, die God wat met Abraham en Moses gepraat het, die God van Dawid, die Een wat die Tien Gebooie werklik uitgespreek het? *Waarom* bang wees vir hierdie duidelike Bybelleringe?

Ons sal die donker oorsprong vir hierdie vrees later bespreek. Eerstens moet ons egter die werklike oorsprong van Jesus Christus, die Een wat vir ons sondes gesterf het, verstaan. Wie *was* Jesus Christus werklik? *Waarvandaan* het Hy gekom? Waarom is *Sy* lewe so kosbaar dat dit as betaling vir ons almal – BILJOENE van ons – se lewens gesamentlik kon dien? Dit is *baie belangrik* om die *waarheid* oor hierdie onderwerp te verstaan, maar ook baie inspirerend!

## Die oorsprong van Jesus Christus

Die apostel Johannes maak dit duidelik dat die Een wat Jesus Christus geword het, van ewig af bestaan het: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (Johannes 1:1-3).

Hier dui Johannes aan dat die Woord – die *Logos* of Segsman – sedert die begin saam met God was. Hy was die skeppingsagent, wat namens God die Vader opgetree het om alles te skep wat bestaan. Later: "Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (verse 10-12).

In verskeie teksverse maak die geïnspireerde apostel Paulus dieselfde punt. In Kolossense 1:15-16 praat Paulus van Jesus Christus: "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape". Die boek Hebreërs vertel ons dat God "in hierdie laaste dae tot ons gespreek [het] deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het" (Hebreërs 1:1-2) en ook "maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer" (vers 8). Dan uiteindelik "U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande" (vers 10).

Let daarop dat in vers 8 hierbo Christus aangespreek word as "O GOD". Hy word beskryf as die Een wat "ook die wêreld gemaak het" (vers 2) en wat "die aarde gegrondves" het (vers 10). Daar is absoluut geen aanduiding in enige van hierdie verse wat deur Paulus en Johannes geskryf is,

dat hulle "digterlik" of metafories was nie! Hulle stel doodeenvoudig die feit dat die Persoon wat Jesus Christus geword het "in die begin" saam met die Vader was, dat Hy "die Woord" of Segsman vir die Vader was en dat ALLE dinge direk deur Hom, Jesus Christus, geskep is!

Hoe het dit alles gebeur?

As ons na Genesis 1:1 blaai, lees ons: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape". Alle geleerdes weet dat dit die Hebreeuse woord *Elohim*, 'n meervoudsvorm van die selfstandige naamwoord – soos kerk of gesin – wat hier as "God" vertaal is, met ander woorde een gesin, vele gesinslede. Let nou op Genesis 1:26: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis".

Let daarop dat God sê: "Laat ONS mense maak na ONS beeld". Beide die Vader en die Logos of "Woord", wat later as Jesus van Nasaret gebore is, is hier ingesluit. Die Een wat Jesus Christus geword het, tree *van die begin af* in Sy handeling met die mensdom *op,* namens die Een wat ons God die Vader noem.

Ons sien dit ook in Genesis 18. Hier verskyn die Logos aan Abraham. Hy verskyn NIE in Sy volle heerlikheid in Sy handelinge met Abraham, Moses en andere nie, maar in 'n meer menslike vorm, hoewel tog met 'n "verskil", sodat Abraham erken het dat hy met "die HERE" te doen gehad het (verse 3, 27). Nadat die Here aan Abraham Sy begeerte om Sodom en Gomorra te vernietig weens hul perverse sondes bekend gemaak het, vra Abraham: "Sal die Regter van die ganse aarde geen reg doen nie?" (vers 25).

Hier het Abraham verseker te doen met die Een wat *Jesus Christus geword het,* want Christus onthul Self later: "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee" (Johannes 5:22)! Abraham het sekerlik NIE met God die Vader te doen gehad nie, want die geïnspireerde Woord vertel ons "NIEMAND het ooit God gesien nie" (Johannes 1:18)!

Jesus Self sê: "Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly. Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien? Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, IS EK" (Johannes 8:56-58). Die Jode het erken dat die uitdrukking "EK IS" na die God van Israel verwys het. Hulle het gedink dat Jesus nie net gelieg het nie, maar ook godslasterlik was. "Hulle het toe klippe opgetel om Hom te stenig" (vers 59). Hierdie Jode was BLIND vir die feit dat die Persoon wat Jesus geword het, inderwaarheid die God van Abraham, Isak en Israel was! Hulle het daar gestaan besig om *te praat* met die Een wat hul God was en hulle het dit nie eens geweet nie!

**Christus WAS die "God van Israel"**

In Mattheus 22:42-45 daag Jesus die godsdiensleiers van Sy tyd uit: "Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n. Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?" Die Fariseërs kon Hom nie antwoord nie, want hulle het geweet dat Koning Dawid van Israel definitief geen *menslike* "heer" gehad het nie. Hierdie teksvers moes die *twee persone* in die Godfamilie beskryf het, waarvan Een groter is as die Ander. Dit behoort ook vir ons duidelik te wees dat Dawid se *onmiddellike* "Here" – die Een wat later Jesus van Nasaret geword het – vertel is om aan die regterhand van die Vader te sit TOTDAT dit tyd was vir Hom om Koning van konings te word.

Tog het die Jode geweet dat die komende Messias 'n letterlike "seun van Dawid" sou wees. Hoe kon hierdie een wat ook Dawid se "Here" was, steeds 'n "groter" Here hê wat Hom vertel wat om te doen?

In 1 Korintiërs 10:1-4 lees ons dat antieke Israel in Moses gedoop was en hulle almal "dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike ROTS wat gevolg het, en die ROTS was Christus". Dit is weer eens duidelik, soos verskeie kommentare erken, dat die Geestespersoon wat met Israel van ouds gehandel het, die Een was wat Christus geword het, want soos ons gesien het, sê Jesus dat "niemand" "God" ooit gesien het nie en daardeur bedoel Hy die Een wat ons die

Vader noem. Tog vind ons pas nadat die Tien Gebooie en sommige van die statute aan antieke Israel gegee is, die "God van Israel" inderdaad aan sommige van Israel se leiers verskyn het! "Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abíhu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self. Maar Hy het sy hand nie na die uitgesoektes van die kinders van Israel uitgestrek nie, en hulle het God aanskou; daarop het hulle geëet en gedrink" (Eksodus 24:9-11). So het meer as 70 van die leiers van Israel "die God van Israel GESIEN". Kan enigiets duideliker wees?

Dit was die Een wat Jesus Christus geword het wat in die tuin van Eden letterlik met Adam en Eva gewandel en gesels het. *Hy* was die Een wat regstreeks met Abraham, Isak en Jakob gehandel het. *Hy* was die Een wat "mond tot mond" met Moses gepraat het (Numeri 12:8). *Hy* was die Een wat die Tien Gebooie van die spits van Sinai afgespreek het!

**Waarom word hierdie waarheid so selde erken?**

Wanneer u die laaste sin in die paragraaf hierbo verstaan, kan u begin besef waarom so baie belydende priesters en predikante wegskram daarvan om die ware oorsprong van Jesus Christus te verduidelik. Byna almal van hulle is geleer dat die Tien Gebooie die produk van 'n wrede "God van die Ou Testament" was en dat Jesus op die een of ander manier "beter" as Sy Vader geweet het. In baie gevalle sê hulle eerder dat die apostel Paulus "beter geweet" het as beide Jesus en die Vader – en dat *hy* met God se Wet, die Tien Gebooie, weggedoen het.

Hierdie misleide mense mag opreg wees, maar hulle is "verblind" (2 Korintiërs 4:3-4), nes die GANSE wêreld. Onthou u Jesus se opdrag oor die meeste van die godsdiensleiers van Sy tyd: "Laat hulle staan; hulle is BLINDE leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val" (Mattheus 15:14).

Dit is 'n verleentheid vir mense wat onderrig is dat die Tien Gebooie mee weggedoen is, om te erken dat dit die Een was wat Jesus Christus geword het, wat die Tien Gebooie in gekodifiseerde vorm aan Moses gegee het. Hy is die Een wat as deel van God se groot geestelike wet gebied het: "Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die SEWENDE dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Eksodus 20:8-11).

Die meeste leraars verstaan dat God, deur Christus, Sy mense spesifiek opdrag gegee het om *die* sewende dag te onderhou, NIE net enige dag nie. Hulle weet dat Jesus tydens Sy hele menslike leeftyd die sewende-dag Sabbat onderhou het – *dieselfde dag wat die ander Jode onderhou het*! Hulle besef moontlik ook dat die oorspronklike apostels die sewende-dag Sabbat onderhou het. Tesame met talle ander gerespekteerde geleerdes, erken algemene Protestantse kerkhistorikus Jesse Lyman Hurlbutt: "Vir so lank as wat die kerk hoofsaaklik Joods was, is die Hebreeuse Sabbat onderhou" (*The Story of the Christian Church*, bl. 45).

Weereens verstaan die meeste leraars dat die geïnspireerde skrywer van Hebreërs ons vertel: "Jesus Christus is gister en vandag DIESELFDE en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8) en hulle weet dat nóg Jesus, nóg die apostels nooit probeer het om "weg te doen" met die Bybelse Sabbat nie. Indien hulle sodanige poging sou aanwend om 'n VERNAME lering wat van God se eie hand gekom het, omver te gooi, sou die Jode in die omgewing betoog het en hulle genadeloos vervolg het, hulle NIE toegelaat het om verder in die tempel te aanbid soos hulle vir baie jare gedoen het nie en hulle sou vinnig as ketters en WETTELOOS bestempel word. Die *geweldige* OMWENTELING wat so 'n optrede tot gevolg sou hê, sou die Joodse ontsteltenis oor besnydenis wat in Handelinge 15 beskryf is, by vergelyking na 'n piekniek laat lyk het!

Geen sodanige verandering in God se geestelike WET is natuurlik ooit bespreek of deur Christus of die apostels ingestel nie. Vir 'n kwarteeu ná die kruisiging en *nadat* die Heilige Gees oor die vroeë kerk uitgestort is om dit te lei, was die oorspronklike Christene steeds "yweraars" vir die WET (Handelinge 21:20). Selfs die apostel Paulus was steeds gehoorsaam aan die geestelike wet van God, die Tien Gebooie. Let op die geïnspireerde vertelling van die opdrag deur die "hoofkantoor" se apostel Jakobus, aan Paulus gegee: "... en almal kan weet dat daar niks is in wat van u vertel word nie, maar dat u self ook wandel as een wat die wet onderhou" (Handelinge 21:24).

**Die logiese gevolg van hierdie WAARHEID**

Indien alle belydende Christene in die WAARHEID onderrig word dat die Een wat hul Redder geword het, die Een is wat die Tien Gebooie gegee het, sal hul optrede miskien heel anders wees. Die wêreld sal moontlik 'n BAIE veiliger plek wees! Almal sal moet besef dat ware Christenskap 'n WETSGEHOORSAME godsdiens is, 'n LEEFWYSE gegrond op die groot geestelike Wet van God. Hulle sal leer dat, alhoewel *niemand* skielik volmaak is nie en ons opdrag gegee word om in God se karakter te GROEI, dit moontlik is om Christus se geïnspireerde voorbeeld te volg deur Sy Gees in ons.

Die apostel Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus LEEF in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20). Christene sou dan die geliefde apostel Johannes se verduideliking van God se eie liefde en HOE dit funksioneer, verstaan: "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie BEWAAR; en sy gebooie is nie swaar nie" ( 1 Johannes 5:3). Hulle sou Johannes se geïnspireerde stelling in Openbaring 14:12 met nuwe begrip lees: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus BEWAAR".

Die ware Christus wat duidelik in die Bybel onthul word, het saam met die Vader bestaan sedert alle ewigheid. Hy en die Vader het *tesame* die skepping van die mens beplan. Die Logos, wat Christus geword het, praat vir Homself *en die Vader* wanneer Hy sê: "Laat ONS mense maak na ONS beeld" (Genesis 1:26). Omtrent 4 000 jaar later was die Logos gewillig om die onbeskryflike heerlikheid, mag en majesteit wat Hy altyd met die Vader gedeel het, op te offer.

Korrek vertaal, vertel Paulus ons dat Christus Homself "geledig" het en dan "deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader" (Filippense 2:7-11).

Jesus sê: "Ek en die Vader is EEN" (Johannes 10:30). Dus het die Een wat heeltemal "een" was met God – en wat GOD was – "Homself geledig" om ons Redder te word. Sy lewe is waarlik meer werd as AL ons lewens gesamentlik, omdat Hy nie net die menseras geskep het nie, maar ook die ganse heelal. Deurdat Hy ons met Sy dood aan die kruis *gekoop en betaal* het, "besit" Christus ons *dubbeld en dwars*. Hy is ons Skepper. Hy is ons God. Hy is ons Meester.

Na die dood van die oorspronklike apostels het daar 'n groot afvalligheid gekom wat die naam van "Christendom" oorgeneem het. Die duidelike leringe en voorbeelde van Christus en die apostels is verander. Die konsep dat Christus 'n werklike "Meester" was, is tot niet gemaak en permanent verander. Daar was begin om Hom as 'n "Heer" te beskou, wat *geen gehoorsaamheid* aan die *einste* geestelike WET – die Tien Gebooie – wat Hy vir die mensdom gegee het, verlang het nie. Sy duidelike en volgehoue lering "Maar as jy in die lewe wil

ingaan, ONDERHOU die gebooie" (Mattheus 19:17), was nou mee weggedoen, verduidelik slegs as 'n opdrag aan die Jode. Dieselfde met die kragtige stellings van die apostel Johannes, soos "Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie" (1 Johannes 2:4). Hierdie duidelike stellings was verduidelik as slegs van toepassing op die "gees" van die wet of op die een of ander "nuwe" gebod van Jesus. Wanneer u egter hierdie nuwe gebooie bestudeer, is hulle net uitbreidings van die Tien Gebooie, wat Jesus Self op die berg Sinai gegee het. Weer eens "Jesus Christus is gister en vandag DIESELFDE en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8).

Mag God *almal* wat hier lees help om te VERSTAAN en te reageer op die ware Jesus Christus van die Bybel. Soos Hy sê: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Indien u werklik die Christus van die Bybel wil gehoorsaam, skryf vandag aan ons en versoek u GRATIS eksemplaar van ons baie onthullende en goed nagevorsde boekie, *Watter dag is die Christelike Sabbat?*

In hierdie publikasie is ons betrokke in die *hervestiging van die Christenskap van die Apostels*, die godsdiens wat Jesus en die apostels werklik onderrig en beoefen het. Die Lewende Jesus Christus – die Een wat vir ewig saam met die Vader bestaan het – is die Een wat u sal *lei*, *krag gee* en *seën* INDIEN u *doen wat Hy sê* en Hom aanbid, nie net as Redder nie, maar as Heer en Meester, nou en vir ewig. WvM

## Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

# Die ware God – bewyse en beloftes?

***Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?***

***Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?***

***As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!***

***In hierdie boekie word die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek, en sewe bewyse word bestudeer wat die ware God sal onthul.***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Vyf Profetiese Tekens vir die Midde-Ooste

## Deur Richard F. Ames

**Sal ons ooit vrede in die Midde-Ooste sien? Bybelse profesie openbaar dat gebeure in daardie streek die toekoms van die hele wêreld sal bepaal. Weet u waarvoor om op die uitkyk te wees?**

Die Verenigde State het miljarde rande spandeer om die oorlog in Irak te veg. Kosteramings wissel tussen $648 miljard aan direkte militêre uitgawes – 'n syfer wat verlede Julie deur die Amerikaanse Kongres se Navorsingsdiens gegee is – tot soveel as $3 biljoen wanneer alle oorlogsverwante kostes bygereken is – volgens Joseph Stiglitz, medeskrywer van *The Three Trillion Dollar War, 'n ekonoom aan die Universiteit van Columbië.* Amerikaanse kommer oor die oorlog was 'n belangrike kwessie in verlede November se verkiesing. Duisende soldate en ontelbare Irakese burgerlikes het gesterf of is permanent vermink as gevolg van die oorlog in Irak.

"Wanneer die Midde-Ooste nies, kan die res van die wêreld – veral Amerika en Westelike Europa – griep kry", het Yossi Melman, 'n Israelse joernalis, opgemerk. Konflikte in die Midde-Ooste word dikwels erg in Amerika gevoel, en die teenoorgestelde is ook waar. Op een of ander manier lyk dit of die Midde-Ooste voortdurend 'n brandpunt van wêreldkonflik bly. Trouens, die oorlog in Irak is slegs maar die jongste in 'n lang reeks gewelddadige botsings in daardie streek. Sal daar ooit 'n tyd wees wanneer die Midde-Ooste – of, inderdaad, die hele wêreld – vrede sal ervaar?

Die goeie nuus is dat u Bybel 'n tyd voorspel wanneer wêreldvrede uiteindelik oor planeet Aarde sal heers, maar daardie tyd sal slegs aanbreek na 'n tydperk van intense oorlog en lyding soos wat ons wêreld nog nooit voorheen ervaar het nie. Nogtans, as ons weet vir watter profetiese tekens ons op die uitkyk moet wees, dan kan ons hoop en vertroue hê in God se beloofde toekoms van vrede, selfs terwyl ons nog te midde van verskriklike gevegte en verwoesting verkeer. In hierdie artikel gaan ons na vyf profetiese sleutel-tekens kyk waarvoor ons almal op die uitkyk moet wees.

### Teken 1: Militêre bondgenootskappe Oos van die Eufraatrivier

Onthou u nog die Iran-Irak oorlog? Dit het van 1980 tot 1988 geduur en meer as 'n miljoen mense is gedood. Die Eufraatrivier het 'n prominente rol in daardie oorlog gespeel en Bybelse profesieë toon dat dit weer sentraal in geprofeteerde eindtydse gebeure sal wees.

Die Eufraatrivier vloei van Turkye deur Sirië en Irak na die Persiese Golf. Die nasie van Iran lê direk oos van Irak. Tydens die geprofeteerde Dag van die Here, sal 'n geweldige groot leër van 200 miljoen soldate weswaarts oor die Eufraatrivier beweeg in die Midde-Ooste in.

In die boek Openbaring lees ons van 'n kragtige leër vanuit die Ooste wat miljarde mense sal dood. Die apostel Johannes beskryf dit as die sesde basuinplaag. Let op waar hierdie groot mag sal byeenkom. "En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat" (Openbaring 9:13-14).

Ja, die Eufraatrivier is die fokuspunt van hierdie profesie. Johannes vervolg: "Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie *plae* is 'n derde van

die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het" (Openbaring 9:15-18).

Hierdie is 'n beskrywing van 'n wêreldoorlog waarin miljarde mense sal sterf, wanneer 'n leër van 200 miljoen weswaarts oor die Eufraatrivier gaan stoomroller om een derde van die planeet se bevolking te vernietig! Dit is waarom Jesus aan ons sê dat tensy daardie dae verkort sou word, geen vlees lewendig gered sou word nie (Mattheüs 24:21-22).

Watter wêreldmagte lê oos van die Eufraat? Kyk na 'n landkaart en u sal onder andere die nasies van Iran, Indië, China, en Rusland vind. Maak seker dat u daardie nasies se militêre ontwikkelings en internasionale bondgenootskappe dophou. Hou daardie nasies dop vir groeiende beleggings in militêre mag, insluitende kernwapens!

### Teken 2: Groter eenheid tussen Israel se tradisionele vyande

In Junie 1967 het Israel, in wat later bekend sou word as die "Sesdaagse oorlog", geveg. Teen die gesamentlike magte van Egipte, Sirië en Jordanië, het Israel die Sinai Skiereiland, die Golan Hoogland, die Wesoewer en Oostelike Jerusalem verower. Hierdie oorwinning het Israel toegang verleen tot Jerusalem se antieke heilige plekke, insluitende die Westelike Muur (ook bekend as die "Klaagmuur") by die Tempelberg. Tydens die afsluiting van die oorlog het Israel aangebied om die Wesoewer terug te gee aan Palestynse beheer as hul Israel se algehele eienaarskap van Jerusalem sou aanvaar. Gamel Abdul Nassar, Egipte se destydse president, het met sy Arabiese bure saamgestaan om "Nee!" te sê op Israel se land-vir-vrede aanbod.

Sewe jaar later, op 6 Oktober 1973, was Israel weer in oorlog betrokke. In wat bekend staan as die "Yom Kippur Oorlog" – omdat dit op die Versoendag van daardie jaar begin het – het Israel 'n inval deur Egipte en Sirië afgeweer. Uiteindelik het Israel, Egipte en Sirië saamgestem tot 'n wapenstilstandplan van die Verenigde Nasies wat daardie konflik beëindig het.

Sedertdien was daar sporadiese militêre aanslae, asook die jarelange *intifada* (Arabies vir "afskud") waartydens die Palestyne hul verset te kenne gegee het – somtyds bloedig – teen wat hulle as onbillike Israelse beheer beskou het. Gevegte en bloedvergieting het ook voortgeduur tussen vegtende Palestynse faksies; President Mahmoud Abbas, van die Palestynse Regering, het op een stadium sy nasie beskryf as "op die rand van burgeroorlog" as gevolg van struwelinge tussen sy Fatah organisasie en die Islamitiese militante groep, Hamas.

Geskiedenis toon dat hoewel intra-Arabiese konflikte mag voortduur, vegtende Arabiere nie sal huiwer om saam te staan om teen Israel te veg nie. Meer as een keer het Iran se President Mahmoud Ahmadinejad al gedreig om Israel "uit die streek uit te verwyder". Iran gaan ook voort met die ontwikkeling van kernwapens. Alhoewel tradisionele geskille tussen Arabiere en Moslems sal voortduur, bly op die uitkyk vir groeiende eenheid tussen hierdie magte wanneer dit Israel raak. U Bybel toon dat 'n toekomstige "Koning van die Suide" verskeie Arabiese nasies sal verenig en dat hierdie verenigde mag deur die "Koning van die Noorde" as 'n bedreiging gesien sal word en dat dit konflik rondom Jerusalem sal vererger (Daniël 11:40-45). Dit sal 'n verskriklike konflik veroorsaak, wat ons hele wêreld sal skud, maar studente van die Bybel sal in staat wees om te besef dat hierdie ook 'n teken is van Jesus Christus se naderende Wederkoms.

### Teken 3: Internasionale pogings om Jerusalem te beheer

Histories en godsdienstig is Jerusalem belangrik vir volgelinge van Judaïsme, die Christendom en Islam. Al hierdie godsdienste kyk na Jerusalem as die terrein van belangrike gebeure wat sentraal staan tot hulle geloof. Die Jode koester Jerusalem as die stad van die groot profete en as die hoofstad van die Koninkryk van Israel en

Juda onder Koning Dawid en sy seun Koning Salomo.

Salomo se tempel, ook bekend as die "Eerste Tempel", was in die tiende eeu voor Christus in Jerusalem gebou onder direkte toesig van Koning Salomo en het bly voortbestaan as Juda se plek van aanbidding totdat die Babiloniërs dit in die sesde eeu voor Christus vernietig het, toe die volk van Juda in ballingskap weggevoer is. Nadat die Jode uit Babel teruggekeer het en dit herbou is as die "Tweede Tempel", het dit die fokuspunt van Joodse aanbidding gebly totdat dit in 70 n.C. deur Romeinse leërs vernietig is.

Jerusalem word ook beskou as die derde heiligste stad van Islam, ná Mekka en Medina. Dit is die tuiste van die "Rotskoepel" – 'n massiewe moskee met 'n goue koepel wat die Tempelberg oorheers het sedert 691 n.C. en bly nog steeds, sover bekend, die oudste bestaande struktuur wat deur Moslems gebou is. Moslems verwys na die Tempelberg as die *Haram al-Sharif* ("Die Edele Heiligdom") en glo dat die Rotskoepel die plek aandui vanwaar Mohammed, vergesel deur die engel Gabriël, na die hemel opgevaar het.

Christene kyk natuurlik na Jerusalem as die stad waar Jesus Christus gekruisig en weer opgewek is, maar ook as die plek van Sy geprofeteerde Wederkoms – wanneer Sy voete eerste die grond sal raak op die Olyfberg, oos van Jerusalem (Sagaria 14:4).

Vir jare het Jerusalem se belangrikheid vir drie van die wêreld se grootste godsdienste die administrasie daarvan die fokus gemaak van internasionale polemiek. Alhoewel Israel beide Oos- en Wes-Jerusalem beheer het sedert 1967, wil baie ander regerings sien dat Jerusalem internasionaal beheer moet word. Die oorspronklike 1947-Verdelingsplan vir Palestina deur die Verenigde Nasies (VN Algemene Vergadering Resolusie 181) het voorgestel dat Jerusalem behandel word as 'n *corpus separatum* – 'n internasionale beheerde gebied – en alhoewel hierdie status nooit werklikheid geword het nie, hoop baie mense dat iets dergeliks behaal sal word. In 1984 het Pous Johannes Paulus II in sy apostoliese brief, *Redemptoris Anno*, geskryf hy hoop dat aan Jerusalem 'n "spesiale internasionale gewaarborgde status" verleen kan word. Wie is veronderstel om daardie status te waarborg? Die V.S. se Staatsekretaris Henry Kissinger het in 1975 voorgestel dat Jerusalem 'n internasionale stad moet word, en dat beheer oor heilige plekke en godsdienstige administrasie aan die Rooms-Katolieke pous gegee word.

Sal so 'n internasionale beheer oor Jerusalem werklikheid word? Die Bybel openbaar dat daar skokkende gebeure gaan plaasvind, waardeur Jerusalem nie deur Israel beheer sal word nie, maar in plek daarvan deur ander regeringsmagte. Die apostel Johannes skryf: "En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap" (Openbaring 11:1-2).

Ja, Jerusalem ("die heilige stad") sal vir 42 maande beheer word deur nie-Jode, voor Jesus Christus se Wederkoms! 'n Groot wêreldmoondheid, beskryf as die "Dier" in die boek van Openbaring, sal die Midde-Ooste binneval en beheer oor Jerusalem oorneem vir die drie-en-'n-half jaar wat Jesus Christus se Wederkoms sal voorafgaan! Gedurende daardie tyd sal twee profete van God met groot mag getuienis lewer en weerstand bied teen die heidense mag wat dan die Midde-Ooste sal domineer (Openbaring 11:3-14).

**Teken 4:**
**Diereoffers word her-ingestel in Jerusalem deur die Jode**

Indien u die boeke van Daniël en Mattheüs in u Bybel gelees het, mag u gewonder het oor die geheimsinnige "gruwel van die verwoesting".

Wat is dit en wat sal dit in eindtydse profesieë beteken? Laat ons eerstens kyk na Jesus se eie woorde: "Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien

staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug" (Mattheüs 24:15-16).

Dit is duidelik 'n belangrike teken om te verstaan. Dit dui die tyd aan wanneer God se mense moet vlug om te ontsnap van die laaste drie-en-'n-half jaar in die volgorde van vernietigende eindtydse profetiese rampe.

Histories het die Griekse heerser Antiochus Epifanus in 167 v.C. 'n dekreet uitgevaardig waarvolgens die Jode verbied was om offers in die Tempel te bring. "En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel" (Daniël 11:31). Histories het Antiochus nie net 'n einde gemaak aan die daaglikse offers nie, maar het ook 'n standbeeld van Jupiter Olimpus in die tempel opgerig en almal beveel om dit te aanbid.

Hierdie gebeurlikheid, ook beskryf in Daniël 8, voorspel 'n geprofeteerde eindtydse mylpaal. "En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop" (Daniël 12:11). Ja, 1 290 dae voor Jesus Christus se Wederkoms sal diereoffers weer 'n keer afgeskaf word. Jesus waarsku ons as Christene om bedag te wees op 'n eindtydse gruwel van verwoesting! Net soos Antiochus Epifanus die tempel in 167 v.C. ontheilig het en 'n einde gemaak het aan die offers, so sal 'n onheilige owerheid weer Joodse offers in die toekoms afskaf. Trouens, die apostel Paulus waarsku van 'n groot valse profeet wat in die heiligdom sal staan. "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Thessalonicense 2:3-4).

'n Groot vals profeet sal groot wonderwerke verrig en miljoene mense bedrieg. Hy sal verering van homself bewerk en aanspraak maak op 'n mantel van heiligheid. Hierdie groot vals profeet sal verstommende wonders verrig, selfs vuur uit die hemel laat neerdaal en hy sal miljoene mense reg oor die wêreld bedrieg (Openbaring 13:13-14). Ons moet egter nie bedrieg word deur hierdie tekens en wonderwerke nie! Die Skrif beveel ons: "Beproef alle dinge; behou die goeie (1 Thessalonicense 5:21).

Daar is egter 'n vangplek. Die Jode het sedert 70 n.C., toe die Romeine die tempel in Jerusalem vernietig het, geen diereoffers gebring nie. Ten einde eindtydse offers te kan stopsit, is dit nodig dat hulle eers moet begin! Wanneer daar weer met diereoffers in Jerusalem begin word, sal u weet dat die profesieë waarvan Jesus gepraat het nou tot 'n punt gedryf word!

Kyk uit vir verwikkelinge in Israel wat lei tot die herinstelling van diereoffers. Dit mag nie noodwendig beteken dat 'n volskaalse tempelstruktuur weer gebou moet word nie. Kyk wat het gebeur toe die Jode uit Babiloniese ballingskap in ongeveer 536 v.C. teruggekeer het. Hulle het 'n heilige plek gehad, maar nog nie 'n tempel nie. Die boek Esra beskryf hoe hulle by die "huis van God" gekom het, *voordat* hulle 'n tempel gehad het waarin hulle kon offer (Esra 3:6). Ons lees *later*, in die verse wat volg, oor hoe die fondament van 'n tempel gelê is.

Die punt is dat offers in 'n "heilige plek" gebring moet word – maar ons het in Esra gesien dat offers daagliks gebring kan word selfs sonder 'n fisiese gebou wat 'n tempel genoem word! Tans word slegs Moslems toegelaat om op die Tempelberg te aanbid. Die heiligste plek wat huidig deur die Joodse godsdienstige owerheid beheer word, is die Westelike (of "Klaagmuur"). Op een of ander manier sal offers hervat word, alhoewel ons nog sal moet sien presies waar en hoe dit sal geskied. Wees op die uitkyk vir 'n groot nasionale krisis in Israel, om hierdie gebeurtenis te bespoedig!

**Teken 5:**
**'n Europese supermoondheid beheer Jerusalem**

Ons het gesien dat voor Jesus se Wederkoms, Israel se vyande sal saamsnoer teen die klein beleërde nasie. Ons het

gesien dat daar druk uitgeoefen sal word om beheer oor Jerusalem uit Israelse hande weg te neem en dit in die hande van 'n internasionale administrasie te plaas. Ons het gesien dat hierdie krisis godsdienstige Jode sal aanspoor om diereoffers weer in te stel. Vir watter ander teken moet ons op die uitkyk wees?

Die Bybel toon dat kort voor Jesus Christus se Wederkoms, 'n Europese supermoondheid beheer oor Jerusalem sal oorneem. Die profeet Daniël beskryf die opkoms van 'n suidelike mag wat teen 'n noordelike mag sal bots. Kyk: "Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei. Hy sal ook kom in die Pragtige Land [of die Heilige Land], en baie sal struikel; maar hierdie *volke* sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie" (Daniël 11:40-42).

Die koning van die Noorde sal die "Pragtige Land" binneval – die omgewing van die huidige staat Israel. Bybelgeleerdes identifiseer Ammon (wat saam met Edom en Moab uit die koning se hand ontsnap) as hedendaagse Jordanië, en gee daartoe aanleiding dat baie mense glo dat Jordanië 'n bondgenootskap sal aangaan met die Europese moondheid. Wie sal almal deel wees van hierdie bondgenootskap teen Israel? Lees Psalm 83. Assirië (hedendaagse Duitsland), sal 'n alliansie lei wat Moab, Ammon en Edom insluit. Kyk na die landkaarte in u Bybel om hul historiese liggings te bepaal; en indien u dit nie alreeds gedoen het nie, skryf om 'n gratis kopie van ons insiggewende artikel: "*Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich*?" om te leer oor Duitsland se rol as die hedendaagse Assirië.

Wat sê die Skrif aan ons aangaande die koning van die Noorde? Ons het gesien dat hy ook bekend staan as die "Dier" – maar wie is die Dier? Lees hierdie kantaantekening uit die *Douay-Rheims* (Nuwe Katolieke Uitgawe) van die Bybel oor die dier van Openbaring 17:11. "Die dier van wie hier gepraat word, skyn die Romeinse Ryk te wees, net soos in hoofstuk 13". Met ander woorde, beide die Dier van Openbaring 17 en Openbaring 13 verteenwoordig die Romeinse Ryk. Hierdie Katolieke Bybel lewer die volgende kommentaar oor Openbaring 13:1: "Die beeld van die eerste dier is gebaseer op die sewende hoofstuk van Daniël. Hierdie dier is die beeld van koninkryke van die wêreld, koninkryke wat gegrond is op hartstog en selfsugtigheid, wat in elke tydperk antagonisties is teenoor Christus en wat daarna streef om die dienaars van God te onderdruk. Keiserlike Rome verteenwoordig hierdie mag".

Ja, die "Dier" is 'n herlewing van die antieke Romeinse Ryk. Indien u wêreldgebeure dophou, het u moontlik opgemerk dat die Europese Unie die politieke, militêre en ekonomiese karaktertrekke ontwikkel van die ryk wat in die Skrif beskryf word. U kan in Openbaring 18 van die ekonomiese mag van hierdie ryk lees.

Namate ons die Groot Verdrukking nader, sal ware Christene toenemend vervolg word, maar Jesus lig ons in oor hoe om op te tree wanneer godsdienstige vervolging toeneem. "Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry. En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is" (Lukas 21:19-20).

Ons is nou in die geprofeteerde tydperk bekend as die eindtyd. Ons behoort voorbereid te wees op die Wederkoms. Christus sal Koning wees oor die hele aarde en vanuit die nuwe wêreldhoofstad, Jerusalem, regeer. "En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een" (Sagaria 14:8-9).

Dank God dat hierdie wonderlike wêreldregering onder Jesus Christus spoedig sal kom. Mag ons almal met ons hele hart bid: "Laat U Koninkryk kom!" WvM

# Rassisme in Amerika: Is dit iets van die verlede?

**Deur Dexter B. Wakefield**

Verlede November is daar geskiedenis gemaak toe kiesers Barak Obama as die 44ste President van die Verenigde State gekies het. Nadat hy sy veldtog in 2007 begin het, was hy as die algehele buiteperd beskou en min mense het hom as 'n ernstige bedreiging bejeën vir Senator Hillary Clinton en ander kandidate wat graag Demokratiese nominasies wou verkry. Nogtans het die jong senator van Illinois verwagtinge verkeerd bewys regdeur die verkiesingsveldtog en miljoene kiesers besiel met sy wekroep vir hoop en verandering.

Nou dat Amerika 'n president met 'n swart vader en blanke moeder gekies het, sê sommige mense dat grense verbreek en rassisme in Amerika grootliks tot 'n einde gekom het. Hulle sê Obama se oorwinning bewys dat die lankbestaande Amerikaanse sosiale vooroordeel teen swart mense grootliks iets van die verlede is en dat die sigbare toename in minderhede se politieke en ekonomiese mag konkrete bewys is dat ou bekommernisse oor rassisme nou grootliks bygelê kan word.

Is die politieke en ekonomiese maatstawwe die ware standaard waarvolgens ons behoort te oordeel? Na alles het baie aktiviste in die vroeëre jare van Amerika se burgerregte beweging, rassisme hoofsaaklik as 'n morele en geestelike probleem beskou, waaruit politieke en ekonomiese gevolge voortgevloei het, eerder as omgekeerd.

***Is*** rassisme in sy wese 'n morele en geestelike probleem? Wat sê die Bybel?

God se standaard van reg en verkeerd – Sy woord en Sy goddelike wet – is grootliks deur die moderne samelewing verwerp. Dit is vervang deur 'n wêreldse waardesisteem wat van jaar tot jaar mag verander, afhangende van die morele mode van die dag. Baie mense redeneer dat hulle hul waardes moet kies om aan te pas by hul veranderende omstandighede. Die Bybel gee egter tydlose wette en beginsels wat God openbaar as beide reg en goed. As gevolg hiervan behoort ons graag te wil verstaan hoe die Bybel die menslike omstandighede verduidelik.

Sommige het deur die eeue heen probeer om die Bybel te gebruik om die onderdrukking van rasse te regverdig. Deur dit te doen, kon hulle nie meer verkeerd wees nie. Ver daarvandaan om rassehaat te regverdig, is die regverdige beginsels van die Skrif die grondslag waarop baie moderne idees van gelykheid gebou is. Omdat baie mense egter misverstaan wat die Bybel werklik leer oor rassehaat en gelykheid, is dit die moeite werd om dit van naderby te beskou.

Gedurende die tye toe die Ou en die Nuwe Testamente geskrywe is, het die nasies nie oor die algemeen enigiets soos die moderne Westerse konsep van gelykheid gehad nie. Elke kultuur het wesentlik hulself as verhewe bo die ander beskou. Selfs die antieke Grieke, wat bekend daarvoor is dat hulle die baanbrekers was van die konsep van 'n demokratiese regeringstelsel, het die mensdom beskou as om verdeel te wees in twee algemene klasse – Grieke en barbare. Nasies het nie aan moraliteit gedink toe hul uitgetrek het om mekaar te verower nie. Eienaarskap kon verkry word deur "reg van verowering". Wanneer een nasie die ander verower het en buit geneem is, was slawe dikwels deel van daardie buit. Dit het slawerny 'n alledaagse feit van die lewe gemaak in die meeste antieke kulture – nogtans was dit nie rasgebaseerde losgoed-slawerny soos bekend aan diegene wat die Amerikaanse geskiedenis bestudeer het nie.

In die Romeinse Ryk was dit algemeen om slawe van verskillende rasse te vind, van Brittanje sowel as van Afrika.

Die idee dat elke individu 'n fundamentele gelykheid het met elke ander individu, sou heeltemal ondenkbaar gewees het vir die meeste kulture van die antieke wêreld. *Vir die meeste, maar nie vir almal nie*. Een groep was heeltemal anders.

**Die oorsprong van 'n idee**

God het aan antieke Israel 'n stel opdragte gegee wat hulle uitgesonder het van die omliggende nasies. Hoe het God egter die nuwe nasie van Israel beveel om op te tree teenoor nie-Israeliete? "*Een wet moet geld* vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef" (Eksodus 12:49). Hy het ook gesê: "Want die HERE julle God is die God van die gode en die HERE van die here; die grote, magtige en gedugte God *wat die persoon nie aansien* en geen geskenk aanneem nie; wat reg verskaf aan die wees en die weduwee, en die vreemdeling liefhet, sodat Hy hom brood en klere gee. Daarom moet julle *die vreemdeling liefhê*, want julle was vreemdelinge in Egipteland" (Deuteronomium 10:17-19).

In 'n tyd toe daar felle botsings was tussen vegtende stamme en nasies, sou hierdie opdrag nie net na meer maatskaplik-gevorderd gelyk het nie – dit sou revolusionêr gelyk het. Waarom het God egter daardie opdrag aan die Israeliete gegee en nie aan die nasies in die omgewing nie? Hy het sekerlik nie Sy verbond met die Israeliete gesluit omdat Hy gedink het dat hulle as ras verhewe was bo ander mense nie. Hy het dit gedoen as gevolg van 'n belofte wat Hy lank gelede afgelê het. Terwyl die Israeliete slawe in Egipte was, "... [het] God ... hulle gekerm gehoor, en *God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob* ... En Ek sal julle bring in die land waaromtrent *Ek my hand opgehef het, om dit aan Abraham, aan Isak en aan Jakob te gee*; en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee, Ek, die HERE" (Eksodus 2:24; 6:7).

Ver daarvandaan om die Israeliete as inherent meerderwaardig te beskou, het God hulle dikwels uitermate moeilik gevind. "Weet dan dat die HERE jou God **nie** ter wille van jou geregtigheid jou hierdie goeie land gee om dit in besit te neem nie, want jy is 'n hardnekkige volk" (Deuteronomium 9:6). God het antieke Israel geseën met 'n geweldige geleentheid, maar dit was nie omdat Hy hulle beter as alle ander geskape het nie. Nee, Hy was eerder getrou aan 'n antieke belofte.

**'n Radikale benadering?**

Ten tye van die Apostels, het Jode tussen nie-Jode gewoon regdeur die Romeinse Ryk. Het Christus of die Apostels in hierdie milieu enige enkele groep aangeraai om meerderwaardig teenoor 'n ander te voel? Nee! In teendeel het die apostel Paulus duidelik geleer dat alle rasse en volke gelykheid voor Christus gedeel het, "... waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal" (Kolossense 3:11). "*Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie*" (Romeine 2:11). Deur Jesus Christus openbaar God: "... dat die heidene *mede-erfgename is* en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie" (Efesiërs 3:6). Die apostel Petrus leer ons: "Ek sien waarlik dat *God geen aannemer van die persoon is nie*, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is" (Handelinge 10:34-35).

God verander nie, dus, toe Hy die Apostels geïnspireer het om daardie woorde te skryf, het hulle nie iets nuuts uitgedink nie. Nogtans het hierdie leerstelling van menslike gelykheid 'n diepgaande invloed gehad op die denkwyse van die eerste eeuse Kerk. Die gelykheid wat Jesus verkondig het, was inderdaad 'n radikale idee in die antieke wêreld. Christene verstaan sekerlik dat daar fisiese verskille is tussen mense en dat ons almal verskillende sterkpunte het wat deur God gegee is om ons te help voorberei vir ons toekoms as ewige lede van Sy familie. Ons moet egter nooit daardie verskille misbruik om enige menslike wese te onderdruk nie,

of as 'n flou verskoning om ander hul waarde en menslike waardigheid te ontneem nie. God se plan sluit elke menslike wese in en dit maak nie saak wat ons fisiese omstandighede in die lewe mag wees nie, ons Skepper is gereed om tot ons hulp te kom. Soos die apostel Paulus skryf: "Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Romeine 10:12-13).

Alhoewel die Skrif duidelik God se siening openbaar dat alle menslike wesens dieselfde geestelike gelykheid deel en dit oortref enige van die mensdom se kunsmatige grense, het hierdie idee vir eeue sluimerend gelê in die Europese samelewing. Dwarsdeur die "Donker Eeue" het slegs 'n paar mense toegang tot die Bybel gehad en tensy 'n persoon deel was van die geleerde paar mense wat Latyn kon lees, kon die persoon slegs hoor wat priesters en leiers wou hê die persoon uit die Bybel moes hoor. Brawe individue wie die Bybel in ander tale vertaal het, was op die brandstapel verbrand of is op ander maniere doodgemartel. Korrupte godsdienstige en politieke strukture het saamgewerk om Bybelse waarhede wat hul mag kon bedreig, te onderdruk, dus het die Bybelse boodskap van gelykheid grootliks verborge gebly.

Nadat die drukpers en die Hervorming Bybelvertalings uiteindelik algemeen beskikbaar gemaak het, het Bybelse leerstellings oor gelykheid die grondslag voorsien – *'n onweerlegbaarheid* – waarop die diep gelowige stigters van die Westerse demokrasieë sou bou. Toe politieke gelykheid in die Westerse beskawing begin blom het dit gegroei uit antieke Bybelse wortels. Nogtans was daardie groei dikwels moeilik en gewelddadig en het gelei tot ontsaglike politieke en maatskaplike ontwrigting. Die Puriteinse leier, Oliver Cromwell van Engeland, het in die 17de eeu 'n leër op die been gebring, Koning Charles die Eerste verslaan en hom onthoof – 'n daad wat hom die titel "die Vader van Engelse Demokrasie" besorg het.

Wat gebeur wanneer nasies politieke gelykheid sonder God nastreef? Die leiers van die Franse Revolusie het hul "demokratiese" hervormings verbind aan 'n gewelddadige verwerping van godsdiens. Tienduisende Franse burgers is in die laaste dekade van die 18de eeu wreed vermoor. Hierdie betreklik kort tydperk van politieke proefneming het die Franse volk so erg vervreem dat hulle gou weer na 'n monargie teruggekeer het.

**Amerika se godsdienstige erfenis**

In teenstelling met die Franse, het die Amerikaanse Stigtervaders na hul godsdienstige erfenis gekyk as die grondslag van en regverdiging vir hul politieke filosofie. Hulle skryf: "Ons beskou hierdie waarhede as vanselfsprekend, dat alle mense *gelyk geskape is*, dat hulle *deur hul Skepper* toebedeel is met sekere onvervreembare regte ..." Hul idee was dat aangesien God sekere regte verleen het, geen mens daardie regte regtens kon ontken nie. Nogtans het hulle 'n Konstitusie goedgekeur wat aan die state politieke verteenwoordiging verleen het wat gebaseer was op die versinsel dat 'n swart Amerikaner slegs 3/5 van 'n wit Amerikaner werd was, en hulle het 'n wrede en brutale rasgebaseerde stelsel van losgoedslawerny onderskryf – *wat nie deur enige Bybelse statuut of voorbeeld ondersteun word nie* – en wat uiteindelik 'n burgeroorlog genoop het om dit te beëindig.

Abraham Lincoln het gesê: "Net soos ek nie 'n slaaf wil wees nie, net so wil ek ook nie 'n meester wees nie". Klink dit bekend? Die etiek waaruit Lincoln sy aankondiging afgelei het, kom uit die Bybel: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete" (Mattheüs 7:12). Lincoln se politieke standpunte was gevorm en gelei deur sy begrip van ou antieke Judees-Christelike etiek.

Die Burgeroorlog het 'n einde gemaak aan die slawestelsel in Amerika, maar onderdrukking, ongelyke behandeling en gebrek aan

geleenthede het bly voortbestaan deur die afdwingbaarheid van segregasie en die "Jim Crow"-wette. Wat was die dryfveer agter die burger-regte aktivisme in die 1950s en 1960s, wat vir eens en altyd aangedring het op 'n einde aan onregverdigheid en ongelykheid in die Verenigde State? Allereers was dit die oortuigingskrag van morele uitbarsting wat gebore is uit die nasie se Afrika-Amerikaanse kerke, waar leiers soos Dr. Martin Luther King, Jr. rassisme as *moreel* verkeerd uitgekryt het – en die Bybel gebruik het as die bron van hul morele beslissing!

Hoe ironies en hartseer is dit nie dat in vandag se wêreld, die antieke Bybelse morele gesag wat die burgerlike regte beweging teweeggebring het, nou om elke draai bevraagteken word nie. Vertoon van die Tien Gebooie in openbare skole en geboue is nou onwettig. Soos die Westerse beskawing hulself lossny van die morele anker, waarheen sal dit dryf? Ons het geweldige groot agteruitgang in gesinslewe en seksuele sedes gesien, wat groot skade aan die wese van ons nasies aanrig. Maatskaplike permissiwiteit in Amerika het mense van alle rasse geraak deur die wydverspreide dwelmmisbruik en misdaad wat dit voortgebring het, en enkelouerskap is een van die grootste oorsake van armoede.

Nadat iemand die godsdienstige beginsels waarop 'n morele kultuur rus verwerp het, waarop kan hulle dan beslissings van reg en verkeerd baseer? Meer en meer het wêreldse slimkoppe besluit dat *mag* – wie dit het en wie dit verkry – die enigste geldige basis is vir morele besluite. *Mag is die beginsel*, volgens hierdie manier van denke. Namate hierdie idee populêre aanvaarding verwerf, kan veranderings in Westerse persepsies van politieke gelykheid ver agterweë bly? Indien die gemeenskap sy morele stut verskuif van die vaste fondament van Judees-Christelike sedelikheid na die dryfsand van menslike redenerings, sal 'n ander fondasie nie 'n ander struktuur skep nie?

**Rassisme vergiftig die rassis**

Gedurende die laaste paar dekades in die sekulêre samelewing, het 'n moraliteit ontwikkel waarin God se definisie van wat reg en verkeerd is, verwerp is. Mense redeneer dat so lank 'n daad nie 'n ander benadeel nie, dan, "indien dit goed voel, doen dit". Of so lank as mens se sonde nie onwettig is nie, waarom dit nie doen nie? God sê egter wanneer ons sondig, ons ***onsself*** asook ander benadeel. Net omdat ons nie die nadeel op daardie tydstip kan sien of voel nie, beteken nie dat die skade nie gedaan is nie. Soos apostel Paulus aan die kerk in Korinthe gesê het: "Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam" (1 Korinthiërs 6:18). Die apostel Johannes skryf: "Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar" (1 Johannes 3:15). Dit beteken dat indien u iemand haat, dan het u die gebod verbreek wat sê: "Jy mag nie doodslaan nie". Rassehaat is sonde.

Rassisme vergiftig die rassis, omdat sonde die sondaar vergiftig. Dit is geldig *vir alle rasse*, want God is nie 'n aannemer van die persoon nie. Haat is moord wat in 'n mens se hart gepleeg word en rassisme is 'n vorm van haat wat nie slegs die slagoffer benadeel nie, *maar die oortreder ook*. Van die skade wat berokken word, is die isolasie wat dit meebring – van God en van ander mense. Indien u ongemaklik voel wanneer u met mense van 'n ander ras te doen het, of indien u meerderwaardig voel teenoor mense van 'n ander ras, sal u nie in staat wees om positiewe of opbouende interaksie te hê nie en u sal meer en meer terugtrek in u eie beperkte assosiasie. Soos u dit doen, sal u uself ook isoleer van God se lewenswyse wat liefdevolle, uitgaande besorgdheid teenoor **almal** rondom u gebied. Die Bybel verduidelik dat die mensdom ellende en rampe oor homself bring deur verwerping van God se lewenswyse en die gebooie wat Hy gegee het, "... [so]dat dit met jou goed kan gaan" (Deuteronomium 10:13). Wanneer ons Hom uittart, benadeel ons onsself fisies en geestelik.

**Wat geld as rassisme?**

Behoort daar verskillende standaarde te wees wanneer blanke en nie-blanke rassisme gemeet word? In klaskamers oor Amerika heen word studente dikwels geleer dat rassisme "vooroordeel plus mag" is – tensy iemand die mag het om sy vooroordeel af te dwing, kan daar nie gesê word dat die persoon rassisme bedryf nie. Ironies genoeg, kan hierdie algemene idee rassistiese dubbele standaarde verewig waardeur, indien 'n hele ras of volk as magteloos bestempel word, hul morele en geestelike werking gedevalueer kan word.

Definisies van rassisme wat opgestel word om besondere groepe vry te spreek, kan in werklikheid misbruik word om rassisme te verskoon of te bevorder. Hierdie probleem raak **alle** rasse. Die mees sosiaal aanvaarbare vorm van rassisme onder blankes is seker deesdae die rassistiese chauvinisme dat hulle meer verantwoordelik is as "gekleurdes". Dit kan gevind word in sommige blankes se lae verwagtings van nie-blankes se moraliteit, of as 'n morele relatiwiteit wat gedrag in nie-blankes verskoon wat veroordeel sou word in iemand van Europese afkoms. Eienaardig, beide die voorstanders en die slagoffers van rassistiese chauvinisme hang dikwels hierdie standpunte aan.

Wanneer ons egter na rassisme uitsluitlik deur die bril van mag en politiek kyk, sluit ons God uit ons ontleding uit. Die sekulêre wêreld huldig sy standpunt oor rassisme, maar die Bybel het 'n ander een. Wanneer ons na rassisme deur die bril van die geloof kyk en *God in ons kennis insluit*, sien ons iets anders. God sê dat hy nie die aannemer van persone is nie. Dit beteken dat wat sonde vir die rykes is, ook sonde vir die armes is, en wat sonde vir een ras is, is ook sonde vir die mense van alle rasse. Volgens God se standaarde, is die sonde van rassisme 'n gelyke geleentheid uitbuiter en die skade daarvan word nie slegs bereken volgens wat met die slagoffer gebeur nie. *Dit is net so giftig vir diegene wat dit bedryf*.

**Hoe word ons geoordeel?**

"Want nie wat die méns sien, *sien God* nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan" (1 Samuel 16:7). Wat sien God wanneer Hy in ons harte kyk? Die apostel Paulus sê: "Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie" (1 Korinthiërs 11:31). Dit is God wat ons oordeel, maar wat is Sy standaard? Gelukkig het ons 'n bietjie sê in die saak. Gedeeltelik berus Sy oordeel oor ons op hoe ons ander mense oordeel.

Jesus stel die beginsel: "Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?" (Mattheüs 7:2-3).

Verskillende rasse, volke en individue het nie almal deur die tye heen tot dieselfde mate gely nie. Ons behoort altyd bedag te wees op hoe ander mense voel – veral omdat verskeie rasse en etniese groepe geweldig gely het as gevolg van rassisme en die gevolge daarvan. Ons behoort nie te huiwer om ons stem te verhef teen die sonde van rassisme nie. God waarsku ons egter dat ons versigtig moet wees. God het die beginsel neergelê – dat ons geoordeel word volgens die standaard waarmee ons oordeel. Paulus skryf weer: "Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge. En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is oor die wat sulke dinge doen. En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug?" (Romeine 2:1-3).

Is rassisme in Amerika 'n ding van die verlede? Wat u ook al antwoord – dit maak nie saak watter vordering nasionaal gemaak mag wees nie – ons behoort te onthou dat God ook na elke hart kyk. Kan enigeen van ons eerlik sê dat ons waarlik alle ander mense behandel soos God wil hê dat ons hulle moet behandel? Deur Sy standaarde in gedagte te hou, het ons nog 'n lang pad om te loop, op nasionale vlak en as individue. Met Sy hulp en deur Sy woord te gehoorsaam, kan ons – en moet ons – aanhou groei na volmaaktheid (Hebreërs 6:1). WvM

# Diens of selfsug?

## Deur Rod McNair

**Is regerings altyd korrup? Is individue altyd gulsig? Is daar 'n antwoord op die probleem van korrupsie?**

'n Onlangse Zogby Internasionale meningspeiling het gevind dat 69.2 persent van Amerikaners "sterk saamstem" dat korrupsie 'n "noemenswaardige probleem in Washington, DC." is. 'n Verdere 22.7 persent het gesê dat hulle "nogal saamstem" met daardie stelling, wat beteken dat meer as 90 persent korrupsie beskou as 'n noemenswaardige probleem in hulle regering!

Die somber geskiedenis van politiek – en geensins net in Amerika nie – is dat leiers in regerings dikwels *hul eie belange* dien, meer as die belange van diegene wat hulle regeer. Dit is dikwels *ten koste van* diegene aan wie hulle hul nogal toegewy het om te dien. Nou dat 'n nuwe President en 'n nuutverkose Kongres hulle stoele gaan inneem in die regering, sal hierdie staatsamptenare Amerika se hoop verwesenlik, of hul vrese bewaarheid? In die maande en jare wat voorlê, sal verkiesings in ander lande oor die wêreld heen nuwe beleide en beter regerings meebring, meer diens en minder selfsug?

Slegs die tyd sal ons leer. Indien die geskiedenis egter die antwoord verskaf, sal dieselfde kringloop – selfsug en selfs korrupsie en baantjies vir boeties – weer oor en oor herhaal word.

Waar gaan hierdie siklus eindig? *Sal* dit ooit eindig? Sal Amerika – en ander nasies regoor die wêreld – ooit regeer word in opregte gelykheid, geregtigheid en onselfsugtigheid, deur morele beginsels, tot die voordeel van diegene wat regeer word?

Die verrassende antwoord is "Ja!" *Maar hoe en wanneer sal dit gebeur*?

**Regeer deur eie belange**

Politieke wetenskaplikes het lank reeds waargeneem dat hebsug en allesverterende selfbelang onder regerende beamptes moontlik "die mees uitdagendste regeringsprobleem is wat baie lande teister" (*Challenging Corruption in Asia*, bl. 1). In onlangse jare was hoëvlak politieke leiers in die Filippyne, Indonesië, China en Thailand tussen diegene wat betrokke was in korrupsie-verwante aanklagte.

Bykomend hiertoe, het soveel as viermiljoen Zimbabwiërs *uit hul land gevlug* as gevolg van die beweerde korrupsie en wreedheid van hul nasie se president, Robert Mugabe. Pakistan se onlangs-verkose president, Asif Zardari, was daarvan beskuldig dat hy homself verryk het terwyl sy oorlede vrou, Benazir Bhutto, Eerste Minister was. Zardari het selfs die twyfelagtige bynaam, "mnr. 10 persent" verwerf as gevolg van sy beweerde korrupsie.

Volgens Genaro Garcia Luna, Mexico se sekretaris van openbare veiligheid, word 44 000 federale, staats- en plaaslike polisiemanne tans geëvalueer in 'n poging van daardie regering om korrupsie uit te wis. Die lys van lande wat te kampe het met korrupsie, gaan aan en aan.

Dit is egter nie net individuele lande wat worstel met korrupsie nie. Die Verenigde Nasies is self in 'n stryd gewikkel met korrupsie, soos die "voedsel vir olie" skandaal, waarin $21 miljard vermors is in transaksies met Suddam Hussein.

Nasies reg oor die wêreld het te kampe met die verskriklike agteruitgang wat veroorsaak word deur korrupsie en baantjies vir boeties. Westerse nasies is beslis nie immuun teen hierdie probleme nie. President George W. Bush was agtervolg deur beskuldigings dat hy vriende bevoordeel het gedurende sy ampstermyn. Sommige Amerikaners was verlede Desember geskok toe Rod Blagojevich, goewerneur van die staat Illinois, gearresteer

was op federale aanklagte van sameswering en omkopery, maar vir ander was die arrestasie maar net die bevestiging van hul ergste vermoedens oor die korrupte politieke toestand in Illinois.

Is leiers noodwendig korrup? God het die basiese reëls vir leierskap duisende jare gelede neergelê. Hy sê deur die profeet Dawid: "Hy wat regverdig oor mense heers, wat regeer in eerbied teenoor God" (2 Samuel 23:3-4 NV). Moses het aan die Israeliete God se statute gegee wat korrupsie van regspleging in die regering verbied: "Jy mag die reg nie verdraai nie; jy mag nie partydig wees nie; ook mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want die geskenk verblind die oë van die wyse en verdraai die sake van die wat reg het" (Deuteronomium 16:19). Al te dikwels draai die wêreld 'n blinde oog na God se woord – en neem eerder 'n omkoopgeskenk aan.

Kan ons dit egter "korrupsie" noem wanneer nasies of individue gewone regspleging of moraliteit ter syde stel om beleide na te volg wat hulle beweer in "nasionale belang" is? Ja, ons kan. Oor en oor sien ons dat beslissings wat gelei word deur slegs een nasie se "eiebelang" – sonder inagneming van die oorhoofse beginsels van 'n hoër moraliteit en standaard wat sodanige beslissings sou verbied – dikwels aanleiding gee tot rampspoedige gevolge.

Baie Amerikaners is vandag, byvoorbeeld, verontrus deur Iran se haat teenoor die Verenigde State, maar besef nie dat Amerika 'n rol gespeel het om daardie haat op te wek nie. Dit was die Amerikaanse Sentrale Intelligensiediens wat in 1953 'n rol gespeel het in die omverwerping van Iran se demokraties-verkose Eerste Minister, Mohammed Mossadegh. Waarom het Amerika 'n ander nasie se demokratiese proses ontwrig? Was dit om die "nasionale belange" te dien van die Amerikaanse bondgenoot, Groot Brittanje, wat ononderbroke toegang tot Iran se olie wou verseker, waaroor hulle 'n monopolie gehad het voor die nasionaliserings-beweging in Iran?

Regerings oral, in elke deel om die aarde – insluitende die Verenigde State – word al te dikwels bedryf deur selfsug en eiebelang, *eerder as die riglyne van universele, oorkoepelende beginsels van moraliteit*.

**Werk selfsugtigheid?**

Dit is verstommend, maar daar is mense wat glo dat uit-en-uit korrupsie goed kan wees vir 'n nasie se ekonomie en samelewing. Moontlik is dit een rede waarom korrupsie nog met ons is – *daar is eenvoudig net nie algehele ooreenstemming dat dit verkeerd is nie*.

Dit is soos die politieke wetenskaplike, Vito Tanzi, uitgewys het: "Nie so baie jare gelede nie, was die ekonomiese suksesse van die lande van Oos Asië deur sommige waarnemers toegeskryf aan 'n veronderstelde positiewe uitwerking van korrupsie in die fasilitering van besluitneming" (*ibid*., bl.1). Korrupsie kan nogtans 'n groot finansiële las plaas op 'n nasie se ekonomiese sukses; byvoorbeeld, volgens 'n amptelike beraming bedra die koste van Nigerië se korrupsie $400 miljard ("The good, the bad and the president," *Economist*, 3 Januarie 2008).

Party mense verwys na die verstommende ekonomiese groei in korrupsie-belaaide gemeenskappe as 'n "stempel van goedkeuring" vir hul gebruike. Die Filippynse ekonoom, Alejandro Lichauco, wat vir die Manilla dagblad, *Today, skryf,* beweer dat korrupsie Indië nie verhinder het om 'n ekonomiese wêreld-moondheid te word nie: "Indië het vandag, ten spyte van deurlopende korrupsie en baantjies vir boeties, 'n ten volle geïndustrialiseerde ekonomie, selfonderhoudend in voedsel, 'n kernkrag moondheid met 'n groeikoers van 6% tot 7.8% oor die laaste paar jaar ... Indië vervaardig deesdae omtrent alle soort verbruikersgoedere, het 'n hoogsontwikkelde industrie van kapitale goedere ... en voorsien die wêreld van kundiges in inligtingstegnologie" ("The ultimate corruption", 11 Maart 2000).

Bepleit ekonomiese groei egter die saak van korrupsie? Hoeveel meer sou 'n nasie nie kon groei sonder die verterende en afwaartse druk van korrupsie nie?

Sommige mense regverdig korrupsie omdat hulle dit beskou as 'n noodsaaklike manier om besigheid te bedryf en verkope te vermeerder. Hulle glo dat om "volgens die reëls te speel" hulle eintlik sal kortwiek in hul wedywering met ander besighede (*Challenging Corruption in Asia*, bl. 3). Soos skrywer Daniel Jordan Smith egter uitwys, kweek korrupsie in die regering 'n klimaat, soos ons nou in Nigerië sien, waar mense glo dat hulle hul moet "beroep op enige beskikbare middel om hul eie ekonomiese aspirasies te verwesentlik", selfs tot die punt waar hulle die landswette verbreek (*A Culture of Corruption: Everyday Deception and Popular Discontent in Nigeria*, bl. 30).

In die Weste is ons dikwels geskok en verras oor die regverdiging wat sommige mense aan korrupsie bied. Ons mag vinnig wees om die omkopery en "uitruil van geskenke" te betreur wat ons sien Asiatiese en Afrika nasies bedryf – maar wat sien ons as ons nader aan die tuisfront kyk? Ted Stevens was 'n "suksesvolle" senator – die langsdienende Republikein in die Senaat voor hy in verlede November se verkiesing verslaan is. Selfs al was hy aanhoudend aangekla van korrupsie en gevonnis op sewe aanklagte van wandade kort voor die verkiesing, wou bykans die helfte van Alaska se kiesers hom terugstuur na Washington. "Hy is goed vir Alaska", het sommiges gesê en verskoon sy korrupsie omdat hulle voel dit hulle en hul staat bevoordeel het.

Kan mense se hebsug goed wees vir diegene wat hulle veronderstel is om te dien? Een klassieke uitdrukking van die "hebsug is goed"-idee was skandalig geuiter deur die karakter Gordon Gekko, in die 1987 rolprent *Wall Street*. Dit kon gesê wees dat die Amerikaanse regering ook voldoen het aan daardie uitdrukking, deur skulde aan te gaan vir biljoene dollars, onwillig te wees om skuld terug te betaal of om spandering in te kort. Die daling van die dollar se waarde, verhoging van die prys van olie en die ineenstorting van die huismark die afgelope jare, het veroorsaak dat hierdie skuldlas nog meer gevaarlik en riskant is.

Hebsug in die regering – of dit nou bedryf word as korrupsie of net eenvoudig verkwisting en materialisme – is baie verseker nie "goed" nie.

**Selfs Salomo het daarvoor geswig**

Moderne nasies is nie die eerstes om in 'n patroon van hebsug en verkwisting te verval nie. Bykans 3 000 jaar gelede het Koning Salomo die magtige ryk van Israel van sy vader Dawid, geërf. Salomo het tydens 'n tydperk van vrede en groot voorspoed oor antieke Israel regeer. Die Koningin van Skeba was verbaas oor hoe 'n wyse en verstandige leier Salomo was en hoe geseënd sy mense was (1 Konings 10:8). Salomo se voorspoed het egter na sy kop toe gegaan. Die koning het met 'n *ambisieuse program begin om die beste van elke ding te ondervind, en niks van homself onthou nie.* Hy het die storie in Prediker te boek gestel: "Ek, Prediker, was koning oor Israel in Jerusalem ... Ek het in my hart daaroor nagedink om my liggaam met wyn te verkwik – terwyl my hart *my* met wysheid sou lei – en om aan die dwaasheid vas te hou totdat ek sou sien wat goed is vir die mensekinders, wat hulle moet doen onder die hemel gedurende die getal van hulle lewensdae. Ek het groot werke onderneem: ek het vir my huise gebou, ek het vir my wingerde geplant" (Prediker 1:12; 2:3-4).

As Israel se koning – die hoof van die regering – het Salomo 'n geweldige groot rykdom tot sy beskikking gehad en hy het dit kwistig op homself vermors! "Ek het slawe en slavinne gekoop en ook dié verkry wat in my huis gebore is; ek het ook 'n groot besitting van beeste en kleinvee gehad, meer as almal wat voor my in Jerusalem gewees het" (vers 7). Selfs in Salomo se dag het leiers ydelik hul rykdom met dié van ander vergelyk!

Wat was die gevolg van Salomo se massiewe spanderingsprogram? Het dit aan hom geluk besorg? "Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het – en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind, en daar was geen voordeel

onder die son nie" (vers 11). Dit was leeg. Dit was ydel. Dit was alles net mooi verniet.

Erger as dit, Salomo se eksperimente het vernietigende en langdurige gevolge vir sy nasie ingehou. Rehábeam het die troon betree na sy vader Salomo se dood en alles was nie wel in Israel nie. "... [Toe] kom Jeróbeam en die hele vergadering van Israel, en hulle het Rehábeam toegespreek en gesê: U vader het ons juk hard gemaak, maak u dan nou die harde diens van u vader en sy swaar juk wat hy ons opgelê het, ligter; dan sal ons u dien" (1 Konings 12:3-4).

Wat was die gevolg van Salomo se verkwisting? Dit het 'n swaar las geplaas op diegene wat hy regeer het. Nogtans, in plaas daarvan om wyslik die las op die volk ligter te maak, het Rehábeam gedreig om dit selfs nog swaarder te maak. 'n Burgeroorlog het gevolg en tien stamme het weggebreek van Rehábeam se leierskap. Rehábeam het koning oor Juda en Benjamin gebly, terwyl die ander stamme die noordelike nasie genaamd Israel, gevorm het. Salomo se spoggerige plan om die onbeperkte en steeds groter wordende rykdom van 'n koning te geniet, het ontaard in 'n volslae mislukking. Dit het leegheid vir die koning, en die verdeling van die koninkryk onder sy seun, meegebring.

**Regering is bedoel vir diens nie vir selfsug nie**

Alhoewel Israel se leiers dikwels gefaal het, het God dit duidelik gemaak dat dit nooit Sy bedoeling was dat hulle hul posisies van leierskap moes misbruik vir hul eie ydelheid en selfsug nie. Trouens, God het aan die Israeliete gesê 'n toekomstige koning van Israel "mag net nie vir hom baie perde aanskaf nie ... Ook mag hy nie baie vroue aanskaf nie, dat sy hart nie afwyk nie; hy mag ook vir hom nie uitermate baie silwer en goud aanskaf nie" (Deuteronomium 17:16-17). 'n Koning moes nie uitspattig leef ten koste van sy mense nie.

Hy was ook nie veronderstel om te regeer volgens sy eie belange en sy eie gerief nie. Hy moes volgens God se wette regeer! Hoe kon hy dan God se wette ken? Hy moes dit bestudeer as deel van sy werk. "En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê" (vers 18). Die koning moes sy eie, persoonlike afskrif van God se Wet skryf – en hy moes dit bestudeer!

"En dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen; sodat sy hart hom nie verhef oor sy broers nie en hy van die gebod nie regs of links afwyk nie; dat hy die dae kan verleng in sy koninkryk, hy en sy seuns, onder Israel" (verse 19-20). God het beveel dat die leiers van Israel Sy boek van die Wet moes lees – en volg – dit moes die riglyn wees waarvolgens die nasie regeer moes word.

Amerika, Kanada, Groot Brittanje, Australië, Nieu Seeland, Suid-Afrika en ander nasies van Noordwestelike Europa, *is vandag die moderne afstammelinge van Israel*. **Sal ons leiers God se woord bestudeer om hul besluite te lei oor hoe om die nasies te bestuur?** Of sal hulle voortgaan met die nasionale neigings om God uit ons openbare plekke te verwyder, en om Sy naam, Sy Wette en Sy lewenswyse oneer aan te doen in die moderne Israel? Vir meer inligting oor wie die moderne nasies van Israel is, skryf asseblief en vra om ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika*?

**'n Toekomstige Dienende Koning**

Daar kom spoedig 'n tydperk waartydens die mensdom 'n einde sal sien van die algemene korrupsie en koorsagtige hebsug wat so baie nasies en individue vandag raak. Wanneer die herrese Jesus Christus terugkeer na die Aarde om as Koning van die konings en Here van die here te regeer, sal Hy 'n duisendjarige welvarende regering inlui (Openbaring 17:14; 20:4).

Hoe sal Sy heerskappy wees? Een van Sy eerste prioriteite sal wees om *die leiers te straf wat, eerder as om Sy kudde te laat wei, hulle geplunder het vir eie gewin.* "Wee die herders wat die skape

van my weide laat omkom en hulle verstrooi, spreek die HERE. Daarom, so sê die HERE, die God van Israel, aangaande die herders wat my volk oppas: Júlle het my skape verstrooi en hulle verdrywe en hulle nie opgesoek nie. Kyk, Ek besoek oor julle die boosheid van julle handelinge, spreek die HERE" (Jeremia 23:1-2).

God is nie ingenome met leiers wat slegs hulself voed – wat slegs hul eie belange dien – ten koste van andere nie. Hy is die Een wat leiers aanstel of afstel (Daniël 4:32). Hy sal hulle verantwoordelik hou oor hoe hulle regeer het.

Jesus Christus sal as 'n heerser besondere aandag aan Sy kudde gee wanneer Hy Sy plek inneem as die Opperheerser op die planeet Aarde. Die moderne Israelitiese nasies, wat in ballingskap geneem sal wees as gevolg van hulle sondes, sal uit hulle slawerny bevry word en Christus die Koning, sal hulle vertroos en bemoedig. "En Ek self sal die oorblyfsel van my skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig. En Ek sal herders oor hulle verwek wat hulle sal oppas; en hulle sal nie meer bevrees of verskrik wees of vermis word nie, spreek die HERE" (Jeremia 23:3-4).

Jesus Christus sal nie alleen regeer nie. Hy sal bygestaan word deur die **verheerlikte**, **herrese heiliges –** die "eerste vrugte" **–** Christene wat in hierdie huidige tydperk hul lewens getrou geleef het, en hul oorgegee het om met die hulp van die Heilige Gees, te leer om Sy wet van liefde te gehoorsaam. Ja, dit beteken dat u en ek, wat vandag leef, ons Verlosser kan bystaan om in die Millennium te heers, as ons Hom werklik aanneem as ons Heer **–** ons "Baas" **–** en daarna streef om te doen wat Hy sê! Ons kan deel wees van Sy plan om verstandigheid en geregtigheid na die hele wêreld te bring!

Wat 'n wonderlike wêreld sal dit nie wees nie! "Kyk, die Here HERE sal kom as 'n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei" (Jesaja 40:10-11).

Jesus Christus, die magtigste heerser wat die wêreld ooit sal ken, sal nie as 'n tiran regeer nie, maar as 'n liefdevolle herder. Hy sal 'n regverdige regter wees, wat die armes met billikheid en geregtigheid sal oordeel, sonder partydigheid (Jesaja 11:3-4).

## Oorkom die liefde vir geld

Indien ons saam met Jesus Christus in Sy naderende Koninkryk wil wees, moet ons leer om die valse evangelie van verbruik, verkwisting en hebsug, *nou* te verwerp! Bykans 2 000 jaar gelede het die apostel Paulus aan Timotheüs hieroor geskryf. Hy skryf: "Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins" (1 Timotheüs 6:6). Elkeen van ons behoort tevrede te wees met wat ons het. Ons moet leer om te waardeer wat ons het, en nie altyd daarna te streef om nog meer te bekom nie. *Hebsug is nie goed nie*.

Paulus gaan voort; "Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. **Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels**; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor" (verse 7-10).

Die liefde vir geld – selfsug, selfbeheptheid, hebsug en begerigheid – veroorsaak ontelbare ellende, individueel en op nasionale vlak. Jesus Christus waarsku ons: "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie" (Lukas 12:15). Indien ons graag saam met Christus wil regeer, moet ons ag slaan op Sy raad en die versoeking om materialistiese doelwitte na te streef, weerstaan. Ons moet Hom eerder volg.

*Vervolg op bladsy 26*

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG: Ek verstaan dat dit nie goeie maniere is om "vloekwoorde" te gebruik nie, aangesien baie mense dit as vulgêr en aanstootlik beskou. Waarom maak party mense egter beswaar teen klaarblyklike onskadelike uitlatings soos "jitte," "jislaaik" of "Grote Griet". Dit is tog sekerlik verkiesliker bo kru en vulgêre woorde wat party mense in die plek daarvan gebruik. Is ek verkeerd?**

**ANTWOORD:** Met die eerste oogopslag mag baie mense dink dat hierdie woorde, en ander wat soortgelyk is, waarskynlik baie aanvaarbaarder is as die verskillende "vierletter" woorde in omloop en verkiesliker as daardie ander vulgêre uitdrukkings. Vir 'n Christen mag daardie klaarblyklike "onskuldige" sinsnedes egter meer onvanpas wees as die meer "vulgêre" frases. Waarom? Omdat hulle eufemismes is van die name van God die Vader en Jesus Christus – en diegene wat hulle besig, gebruik dan God se naam ydellik.

Die Skrif waarsku: "Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie" (Eksodus 20:7). Die Psalms is vol lofprysing vir God se naam: "... laat hulle die Naam van die HERE loof! Want sy Naam alleen is hoog; sy majesteit is oor aarde en hemel!" (Psalm 148:13). Lees ook: "Juig tot eer van God, o ganse aarde! Besing die eer van sy Naam, maak heerlik sy lofsang!" (Psalm 66:1-2).

"Maar 'Grote Griet' is nie God nie en 'jitte' is nie Jesus Christus nie!" sal sommige mense beswaar wil maak. "Wat is daarmee verkeerd om 'n 'verbloemde eed' of 'n 'eufemisme' te gebruik in die plek van God se naam?" Wel, soos die woordeboek verduidelik, 'n eufemisme is "die versagtende uitdrukking of 'n verbloeming" (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) of 'n "vervanging deur 'n versagtende, indirekte of vae uitdrukking vir 'n gedagte wat as aanstootlik kortaf of grof beskou kan word" (Vrye vertaling van die beskrywing in *Random House Dictionary of the English Language*). 'n Vae verwysing na God se naam is nog steeds 'n verwysing na Sy naam en behoort nie 'n "plaasvervangende vloekwoord" te word nie. As ons gewoonweg God se naam gebruik, of 'n eufemisme vir God se naam gebruik om uitdrukking te gee aan skok, verrassing of selfs in vloektaal, betoon ons minagting teenoor ons Skepper, ongeag of diegene rondom ons, ons woorde as "vulgêr" mag beskou of nie.

Mense se begrip van wat vulgêr is, mag met verloop van tyd verander, namate die gemeenskap se gewoontes en taalgebruik veranderings ondergaan. Die bewoording van 1 Samuel 25:22 in die Engelse King James Vertaling sou nie vir die lesers daarvan in 1611 as vulgêr voorgekom het nie, maar vandag se lesers sal ongemaklik voel wanneer hulle lees hoe die vertalers van die KJV die sinsnede wat die Hebreeuse woord *shathan* (*Strong's* 8366) bevat, vertaal het. Hoewel die vertaling in die NKJV ooreenstem met die Afrikaanse vertalings en die betekenis meer korrek weergee, sonder om terug te val na die Hebreeuse woord wat vandag as vulgêr beskou sal word. Ons moet sekerlik ag gee aan ander mense in die wyse waarop ons ons woordkeuse doen en dus vulgêre taal vermy. Om God se naam ydellik te gebruik is egter anders – en geestelik 'n baie ernstiger saak.

Hoe behoort ons God se naam te gebruik? In die Nuwe Testament het Christus Sy dissipels opdrag gegee om tot God die Vader in Sy naam te bid. "En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word" (Johannes 14:13). Wanneer ons bid, behoort ons ook eer te gee aan God se naam. "Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word" (Mattheüs 6:9).

Die dissipels het die siekes deur Jesus Christus se naam genees. "Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!" (Handelinge 3:9). Jakobus het Christene aangemoedig om aan te hou om daardie voorbeeld te volg. Hy sê: "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het" (Jakobus 5:14).

In die boek Handelinge lees ons dat die Apostels die evangelie deur die naam van Jesus Christus verkondig het (Handelinge 9:15) en in Jesus se naam gedoop het (Handelinge 8:16, 19:5). Paulus het aan die Christene in Efese gesê: "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor" (Efesiërs 4:29).

Die woorde wat ons gebruik is belangrik vir God. Ons behoort seker te maak dat wat ons sê, ons eer en ontsag vir Hom weerspieël. WvM

# Profesie neem

## Die finale kruistog

Eeue van oorlog en bloedvergieting dui die ontmoetings aan tussen die belydende Christelike nasies van Europa en die Moslem nasies van die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Alhoewel internasionale leiers die afgelope dekades grootse pogings aangewend het om beter verstandhoudings tussen die nasies wat die "bloed van Abraham" deel, te beding, bestaan wrywing nog steeds – en kan te eniger tyd uitbars.

Diplomate en die meeste burgers van Europese en Islamitiese nasies begeer vrede, maar Bybelse profesieë – *wat vandag besig is om gestalte aan te neem* – voorspel 'n groot konfrontasie tussen Europa en die Islamitiese wêreld in die jare wat binnekort voorlê.

**Gemeenskaplike oorsprong van twis**

Baie Arabiere verstaan dat hulle die afstammelinge van die Bybelse patriarg Abraham is deur sy seun Ismael of kleinseun Esau (sien Genesis 21; 36). Terwyl die meeste mense verstaan dat die Jode van Abraham afstam, besef slegs 'n paar vandag dat baie mense van noordwestelike Europese afkoms ook van Abraham afstam deur sy seun Isak en die twaalf seuns van Jakob. Baie Europeërs en baie van die volke van Sirië, Irak en Iran (antieke Persië) is afstammelinge van Noag se seun Sem (sien Genesis 10), terwyl baie Moslemnasies van Noord-Afrika afstammelinge is van Noag se seun Gam.

Die Bybel openbaar dat die historiese oorsprong van twis tussen die afstammelinge van Abraham lank gelede begin het. Daar was tweedrag tussen Isak en Ismael (Genesis 21:8-14), maar daar is geprofeteer dat beide Isak en Ismael se afstammelinge groot nasies sou word (Genesis 16:10-12; 17:20; 26:1-5). Die twis tussen Jakob en Esau het eintlik al in hulle moeder se baarmoeder begin (Genesis 25:22-34; 27:42-43), maar die afstammelinge van Esau – soos die Edomiete en Amalekiete (sien Genesis 36) – het ook talryk geword. Die geskiedenis boekstaaf hoe hierdie twis voortgeduur het.

**Verowerings en herowerings**

Na Jesus Christus se dood en opstanding het die Christendom vinnig versprei regdeur die Romeinse Ryk, met belangrike sentrale ontwikkelings in Jerusalem, Antiochië (Sirië), Aleksandrië (Egipte), Konstantinopel (Turkye), Babilon (Persië) en Rome. Hierdie groei was egter in die sewende en agste eeu n.C. oorskadu deur 'n nuwe verskynsel. Die leërs van Islam het uit Arabië geswerm na Persië en oor Noord-Afrika tot in Spanje, terwyl hulle lande verower en die geloof van Islam deur die punt van 'n swaard versprei het. Moslemse Kaliefs het vir ongeveer 500 jaar vanuit Bagdad regeer en 'n ryk gevestig wat groter was as die een waaroor die Romeinse Keisers regeer het. Dit was ook meer gevorderd as enigiets in Europa.

Teen die einde van die elfde eeu n.C. het Pous Urbanus II 'n beroep gedoen op Rooms-Katolieke om deel te neem aan 'n "kruistog" teen die Turke. Dit was die eerste van verskeie kruistogte waardeur Roomse pouse probeer het om die gebied rondom Jerusalem uit Moslemse beheer te verkry. Kruisvaarders het Jerusalem in 1099 n.C. ingeval maar hulle aanwins was van korte duur en Islamitiese magte het Jerusalem herower. Nieteenstaande voortdurende gevegte het Moslems vir eeue vasgeklou aan gebiede in die Midde-Ooste en Klein Asië. Die Ottomaanse Turke het in die begin van die 1300s 'n Moslemse ryk gebou wat oor Egipte, Arabië, Sirië, Mesopotamië, Turkye en die Balkan lande regeer het – voordat hulle uitbreiding na Europa twee keer by die poorte van Wene gestop is deur Europese leërs wat getrou was aan die pous.

# gestalte aan

Die aanbreek van die Renaissance het gelei tot ontdekkingsreise deur Europese seevaarders, en met die opkoms van die Industriële Revolusie het Europa en sy “Christelike” erfenis die oorhand verkry oor die dalende mag van die Moslemwêreld – 'n neiging wat voortgeduur het tot in die 21ste eeu. Jerusalem, wat sedert die middel van die 1200s deur die Egiptiese Mammeluke gehou is, en daarna vanaf 1517 deur die Ottomaanse Turke, het in 1917 geval voor die Britse generaal Edmund Allenby. Dit het 'n einde gemaak aan eeue van onbetwiste Moslemse beheer oor hierdie land wat so kosbaar is vir Jode, Christene en Moslems.

**Die laaste kruistog**

In die afgelope 50 jaar het oorlog in die Midde-Ooste periodiek uitgebreek tussen die Moslemnasies en die Jode. Die Amerikaans-geleide inval in Kuweit en Irak word deur die Islamitiese wêreld gesien as “Kruisvaarder-aggressie”. Meer onlangs het sommige Moslemleiers *jihad* ('n heilige oorlog) verklaar teen “”Kruisvaarders” (Westerse nasies) en het terroriste aanvalle geloods in die Verenigde State, Brittanje en Spanje, asook teen Westerse vestings in ander lande. Frankryk was geskud deur dae van oproer waarby ontstoke Moslems betrokke was.

Regoor Europa het Moslemgesinne baie meer kinders as nie-Moslemse Europeërs, wat aanleiding gee tot vrese dat binne 'n paar jaar, Europa *ge-Islamitiseer* gaan word (sien “*Wanneer kulture bots*” in die Julie-Augustus 2009 *Wêreld van Môre*-tydskrif). Namate die aantal plaaslik gebore Moslems in Europa toeneem en aangevul word deur immigrante vanuit Moslemnasies aan die suide, sal nasies wat eens aan hulself as Christennasies gedink het, gekonfronteer word deur groot bevolkingsgroepe wat vasbeslote is om nie net alleen hulle eie geloof te beoefen nie, maar om selfs hulle gemeenskappe te regeer volgens *sharia* wette uit die Koran. In Brittanje, waar die aantal praktiserende Anglikane die afgelope jare drasties verminder het, het 'n paar Moslemleiers selfs gespog dat dit hulle doel is om die land oor te neem en dit 'n Moslem-staat te maak.

Met hierdie soort spanning wat toeneem tussen Europa en Islam, wonder baie mense waarheen dit sal lei. Bybelprofesie openbaar die antwoord! God het lank gelede aan die profeet Daniël geopenbaar wat “aan die einde van die dae” gaan gebeur (Daniël 2:28). Aan Daniël is gesê dat “in die tyd van die einde” 'n koning van die Suide die koning van die Noorde sal aanval, “en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei. Hy sal ook kom in die Pragtige Land [Israel], en baie [lande] sal struikel” (Daniël 11:40-41).

Die lande wat die koning van die Noorde sal binneval en oorweldig, is die Moslemnasies van die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Die koning van die Noorde sal beslag lê op die hulpbronne van Egipte, Libië en Ethiopië (Sudan) – insluitend hulle goud, silwer, olie en natuurlike gas. Wanneer ons die onlangse ontdekking van groot goud- en olieneerslae in Egipte in ag neem, asook hoe die natuurlike gasreserwes van Libië en die Sudan van toenemende belang vir Europa word, dan verkry hierdie antieke Bybelse profesieë 'n groter sin van werklikheid.

Die koning van die Noorde sal teenkanting ervaar van 'n koning van die Suide. Psalm 83 toon dat die koning van die Suide sal bestaan uit 'n konfederasie van Moslemnasies – insluitend, onder andere, Edomiete, Ismaeliete, Amalekiete en Moabiete – wat

sal saamsweer om Israel te "vernietig, dat hulle geen volk meer is nie" (vers 5) – 'n doel wat sommige Moslemleiers die afgelope dekades openlik verkondig het. Psalm 83 stel dit ook dat die Assiriërs (hedendaagse Duitsland) kop in een mus sal wees met hierdie Moslemse konfederasie, ten minste aan die begin. Daniël 11:27 openbaar dat hierdie twee konings 'n ooreenkoms sal aangaan – maar vir mekaar sal lieg – voor hulle konfrontasie aan die einde van hierdie huidige tydvak.

Wie is dan die koning van die Noorde? Die Skrif beskryf die finale herlewing van 'n ryk wat bande het met antieke Rome. Dit sal bestaan uit tien konings (leiers van nasies of streke) wat hulle onafhanklikheid sal oorgee aan 'n leier wat die Dier genoem word, net voor Jesus Christus se Wederkoms (sien Daniël 2; 7; Openbaring 17). Die vierde koninkryk genoem in Daniël 2, word algemeen uitgeken as die Romeinse Ryk. Die Romeinse Ryk en sy herlewings, insluitend die Heilige Romeinse Ryk, *het in Europa bestaan* – veral sentraal Europa – en dit is waar die finale herlewing van die Diermoondheid tot stand sal kom. Die koning van die Noorde sal dus 'n eindtydse moondheid wees wat *in Europa sal opstaan* en nou verbonde sal wees aan 'n vername godsdienstige figuur (Openbaring 13). Hierdie situasie sal ooreenkom met die Europa van die Middeleeue waar keisers van die Heilige Romeinse Ryk en pouse van die Rooms-Katolieke Kerk gesamentlik beheer uitgeoefen het oor die "Christendom" – die Europese nasies wat die Christelike geloof bely het. Dít was die Europa wat die Kruistogte geloods het om die Heilige Lande van die Moslems te herower. Bybelprofesieë dui aan dat 'n "finale Kruistog" nog 'n konfrontasie tussen magte van "Christelike" Europa in die noorde, en die Islamitiese wêreld na die suide toe, sal behels. Dit is nodig dat ons wêreldgebeure dophou namate profesieë oor die "finale Kruistog" *gestalte begin aanneem* in die tye wat binnekort voorlê.

***—Douglas S. Winnail***

---


# Die Bybel:
## Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!


---

***Vervolg vanaf bladsy 22 – Diens of selfsug?***

Moet nie swig vir hebsug nie. Ontwikkel 'n gees van tevredenheid en onbaatsugtigheid in diens van God en ander mense, deur die hulp van God se Gees. U sal dan voldoen aan God se wil en voorberei vir 'n beter wêreld wat kom. WvM

# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en vermeld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**


***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal wees jou mandjie en jou bakskottel ... Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees. En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie" (Deuteronomium 28:15-17, 43-45).

Inderdaad, ander nasies moet nou toenemend *honderde miljarde dollars* aan die Verenigde State "leen". Dit gaan een of ander tyd *stop*. Krediteure gaan begin aandring op terugbetaling. Waarmee gaan Amerika hulle betaal? Die nasie sal **hoofsaaklik bankrot wees**! Op daardie stadium gaan Amerika se krediteure begin saamstaan in 'n verenigde poging om **Amerika te breek**. Hulle sal dan God se profesie ten uitvoer bring, dat die hedendaagse afstammelinge van die nasies van Israel, *veral* die seuns van Josef – Amerika en die nasies wat van Britse afkoms is – aangeval en verower gaan word en uiteindelik in nasionale slawerny geneem sal word. In 'n profesie wat geskryf is *lank na* die aanvanklike (en op daardie tydstip, **enigste**) ballingskap van die Huis van Israel, het God voorspel: "En dit is die woorde wat die HERE gespreek het oor Israel en Juda: Want so sê die HERE: Ons het 'n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie! Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien Ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander? Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n *tyd van benoudheid vir **Jakob***; maar hy sal daaruit verlos word. En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en *vreemdes sal hom nie meer **diensbaar maak nie*** (Jeremia 30:4-8).

Indien u nog nie verstaan wat die Bybel

openbaar aangaande die hedendaagse identiteite van die antieke stamme van Israel nie, skryf asseblief onmiddellik aan ons, bel ons, of gaan aanlyn na www.wvm.co.za en bestel ons gratis boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Hierdie insiggewende boekie, onderskraag deur besondere inligting uit die Bybel en uit die geskiedenis, gee *bewyse* van waar om die hedendaagse nasies van antieke profesieë te vind.

Wat gaan met die Verenigde State gebeur indien wêreldwye finansiële ontwrigting voortduur? Kyk wat een Russiese deskundige voorspel:

> "'n Vooraanstaande Russiese politieke ontleder het gesê dat die ekonomiese beroering in die Verenigde State sy siening, wat hy lankal het, bevestig dat die land op pad is na 'n ineenstorting en dat dit sal verdeel in afsonderlike dele.
>
> Professor Igor Panarin het in 'n onderhoud met die gerespekteerde dagblad *Izvestia* – wat Maandag gepubliseer is – gesê: 'Die dollar word nie deur enigiets ondersteun nie. Die land se buitelandse skuld het soos 'n sneeustorting gegroei, alhoewel daar in die vroeë 1980's geen skuld was nie. In 1998, toe ek my eerste voorspelling gemaak het, het dit $2 biljoen oorskry. Nou is dit meer as $11 biljoen. Dit is 'n piramide wat slegs kan ineenstort'.
>
> "Die koerant sê dat Panarin se vreeslike voorspellings vir die V.S. ekonomie, wat aanvanklik 10 jaar gelede tydens 'n konferensie in Australië gemaak is gedurende 'n tyd toe dit gelyk het of die ekonomie sterk staan, deur hierdie jaar se gebeure meer geloofwaardigheid gegee is.
>
> "Toe hy gevra is wanneer die V.S. ekonomie ineen gaan stort, het Panarin gesê: 'Dit is alreeds besig om ineen te stort. As gevolg van die finansiële krisis het drie van die grootste en oudste vyf banke op Wallstraat alreeds opgehou om te bestaan, en twee oorleef net-net. Hulle verliese is die grootste in die geskiedenis. Wat ons nou gaan sien, is 'n verandering in die beherende samestelling op 'n wêreldwye finansiële skaal: Amerika sal nie meer die wêreld se finansiële reguleerder wees nie'. ... Hy het dit selfs geopper dat 'ons Alaska kan eis – dit was na alles, slegs op huurpag gegee'. Panarin, 60, is 'n professor by die Diplomatieke Akademie van die Russiese Departement van Buitelandse Sake. Hy het verskeie boeke oor inligtingsoorlogvoering geskryf" (*Ria Novosti*, 24 November 2008).

Geagte intekenaar, indien daar ooit 'n tyd was dat ons hier by die *Wêreld van Môre* u in die naam van Jesus Christus moet **waarsku** om u finansiële huis **–** en veral u *geestelike* huis – in orde te kry, *dan is dit nou*! In 'n kragtige eindtydse profesie waarop ons almal tog moet **ag slaan**, waarsku Jesus Christus ons: "So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:31-36).

Mag God u insig gee. Mag God u die geloof en die moed gee om te *handel* volgens Sy Waarheid gedurende hierdie belangrike tyd in die geskiedenis van die mens.

